**Begripstoets Graad 7 EAT**

Lees die volgende inligtingsteks en beantwoord die vrae wat volg.



*Teks A: Madiba- almal se leier*

Nelson Rolihlahla Mandela is op 18 Julie, 1918 in Mvezo gebore. Hier het hy in die gras gespeel en in die rivier geswem. Madiba se pa , Gadla Henry Mphakanyiswa, was ‘n Thembu-hoofman en het vier vroue en 14 kinders gehad. Mandela se ma, Nosekeni Fanny, was Gadla se derde vrou. Nelson het baie jare later gesê dat sy ma sy eerste beste vriend was.

Toe Madiba amper ses jaar oud was, het sy pa met die Britse regering baklei. Net soos Nelson was sy pa ‘n hardkoppige en trotse man. Nelson se pa wou nie in die hof gaan staan nie en sy hoofmanskap is weggevat. Hy het sy geld en status verloor. Nosekeni Fanny het vir Nelson gevat en op Qunu gaan bly.

Mandela was sewe jaar oud toe hy in ‘n eenkamer-skooltjie begin skoolgaan het. Gadla het van sy eie klere kleiner gemaak en vir Mandela gegee omdat daar nie geld vir nuwe klere was nie. Dit het hy gedoen sodat Nelson “respektabel” kon lyk. By die skool leer hy Wiskunde, Engels en Geskiedenis. Rolihlahla se onderwyser gee hom die naam Nelson omdat sy nie “Rolihlahla” kon sê nie.

Madiba was nege jaar oud toe sy pa dood is. Sy ma vat hom na Mqhekezweni, waar Jongintaba Dalindyebo hoofman was. Gadla het lank gelede gehelp dat Dalindyebo as hoofman gekies word.

Dalindyebo wil iets vir Fanny teruggee en neem Nelson as sy eie seun aan. In Dalindyebo se familie word Nelson saam met sy aanneembroer, Justice, groot.

Nelson en Justice was dertien jaar oud toe hulle na ‘n inisiasieskool gestuur word. Na al die lesse oor hoe om ‘n goeie man te wees, gaan bad hulle in die Mbasherivier. Die ouer mans doen die inisiasie en hierna kan die jong Nelson saam met die ander seuns skree :” Ek is ‘n man!”

Na skool begin Nelson aan die Universiteit van Fort Hare studeer. Hy hou op om daar te studeer na ‘n verskil met sy universiteitshoof. Nelson se aanneempa wil hierna vir Nelson en Justice dwing om met meisies te trou wat hy vir hulle gekies het. Hulle dink hy is verkeerd en hardloop weg na Johannesburg. In Johannesburg ontmoet Nelson vir Walter Sisulu. Sisulu help vir Nelson om aan WITS te begin studeer.

Madiba se lewe as politieke leier begin hier en die res is geskiedenis.

Vandag word Mandela-maand wêreldwyd gevier en Madiba se 67 minute word oral herdenk om sy lewe te erken en te eer.

Vrae:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Waar is Nelson Mandela gebore? | (1) |
| 2. | Wie was meneer Mandela se eerste vriend? | (1) |
| 3. | Noem twee dinge wat Gadla verloor het, toe hy nie meer hoof van sy stam was nie. | (2) |
| 4. | Wat was Nelson se ouderdom gewees toe hy skool toe is? | (1) |
| 5. | Hoe het Madiba die naam “Nelson” gekry? | (1) |
| 6. | Kies die korrekte antwoord tussen hakies.<br>Fanny vat Nelson na Dalindyebo toe omdat…<br><br>a) hy van Fanny hou.<br>b) sy seun eensaam is.<br>c) hulle honger is.<br>d) Dalindyebo hulle ‘n guns skuld. | (1) |
| 7. | Hoekom maak Gadla sy eie klere kleiner vir die jong Mandela? | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 8. | Kies die korrekte antwoord<br><br>Madiba staak sy studies aan Fort Hare omdat ...<br><br>a) sy klasgelde te veel was.<br><br>b) hy ‘n mooi meisie ontmoet het.<br><br>c) hy nie ‘n mooi meisie ontmoet het nie.<br><br>d) hy nie met die universiteitsbestuur saam stem nie. | (1) |
| 9. | Sê of dié stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord.<br><br>Justice help vir Nelson om aan WITS te studeer. | (2) |
| 10. | Noem TWEE persoonlikheidseienskappe wat Nelson van sy pa geerf het. | (2) |
| 11. | Noem TWEE Universiteite waar Nelson gestudeer het. | (2) |

**Totaal (15)**

**Memorandum**

| **Nr.** | **Antwoorde** | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| **1.** | Mvezo | 1 | 1 |
| **2.** | Sy ma / Fanny | 1 | 2 |
| **3.** | status/ geld | 2 | 2 |
| **4.** | Sewe (7) | 1 | 4 |
| **5.** | Sy onderwyser kon nie Rolihlahla sê nie. | 1 | 2 |
| **6.** | D-Dalindyebo hul ‘n guns skuld. | 1 | 5 |
| **7.** | Hy het nie geld nie/ sodat Nelson “respektabel” kan lyk.<br>Sodat Nelson skoon / netjies kan lyk. | 1 | 3 |
| **8.** | d) hy nie met die universiteitsbestuur saamstem nie. | 1 | 5 |
| **9.** | Onwaar – “Sisulu help vir Nelson om aan WITS te begin studeer.” | 2 | 4 |
| **10.** | Hardkoppigheid en trots | 2 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **11.** | Die Universiteit van Fort Hare<br>Universiteit van die Witwatersrand (WITS) | 2 | 1 |